



Verwysing: 20190619-5981
Lêerno.: 13/7/1/2
Navrae: M Combrink

Asseseringsbestuursminuut: 0005/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: November 2019 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens: Prosedures en riglyne vir die afneem van die finale praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) wil graag u aandag vestig op die prosedures wat gevolg moet word tydens die afneem van die finale praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste.
2. Die 2019 finale praktiese eksamen vraestelle vir Ontwerp en Visuele Kunste (Ontwerp Vraestel 2 en Visuele Kunste Vraestel 2) sal uit die volgende twee afdelings bestaan:
 - Afdeling A: Bronboek of Werkboek
 - Afdeling B: Die Kunswerk of Produk
3. Skole en kunsentrums moet asseblief seker maak dat alle kandidate wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, die vraestelle teen 15 Julie 2019 ontvang. Dit sal kandidate in staat stel om die inligting in Afdeling A van die vraestel te vind. By ontvangs van die vraestel moet kandidate 'n register teken.
4. Gedurende kwartaal 3 moet kandidate voldoende navorsing doen en alle geskikte materiaal vir Afdeling A van die eksamen vraestel versamel. Afdeling A kan óf tydens onderrigtyd óf na-ure uitgevoer word.
5. Afdeling A van die praktiese eksamen moet voor die aanvang van Afdeling B van die praktiese eksamen voltooi word.
6. Afdeling B moet teen 11 Oktober 2019 voltooi wees.

7. Afdeling B van die praktiese eksamen moet onder eksamenomstandighede in die eksamenlokaal en gedurende gewone onderrigtyd voltooi word, en nie na-ure of oor naweke nie. Daar word voorgestel dat bloksessies van vier tot ses uur oor 'n aantal dae gereël word totdat alle kandidate hulle kunswerk of produk voltooi het, of die toegekende 24 uur verstryk het. Interne reëlings moet by elke skool of sentrum getref word om voorsiening te maak vir die tegniese aktiwiteite wat deur die spesifieke kunsdissipline, soos byvoorbeeld keramiek, benodig mag word.
8. Streng toesig **moet** deur die onderwyser vir Ontwerp en/of Visuele Kunste **en** 'n toesighouer tydens die afneem van die eksamen uitgeoefen word.
9. Kandidate **mag nie** alleen gelaat word terwyl hulle aan Afdeling B werk **nie**, en **word ook nie toegelaat** om onvoltooide kunswerke of produkte huis toe te neem **nie**. Alle onvoltooide kunswerke of praktiese projekte moet tot die volgende geskeduleerde sessie op die rooster by die skool gehou word.
10. Alle skole en sentrums wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, word versoek om hulle roosters vir die afneem van Afdeling B voor 02 Augustus 2019 aan die Senior Kurrikulumbepanner vir Ontwerp en Visuele Kunste per e-pos te stuur by Ellene.Louw@westerncape.gov.za. Die Senior Kurrikulumbepanner moet die roosters konsolideer.
11. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) en DBO sal die afneem van hierdie praktiese eksamens monitor. Die skedule vir die monitering van hierdie praktiese eksamens, gebaseer op die roosters wat deur die skole en sentrums ingedien is, sal opgestel en aan die DBO gestuur word.
12. Die WKOD sal datums vir nasien en moderering skeduleer om seker te maak dat alle praktiese werk teen 15 November 2019 nagesien en gemodereer is.
13. Verdere navrae oor die afneem van die finale praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste kan aan me. Ellené Louw per e-pos gerig word by Ellene.Louw@westerncape.gov.za.
14. U samewerking in hierdie verband sal baie waardeer word.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-07-11